Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

Die Hoërskool Wonderboom

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 21 Februarie 2020

## 1. VOORKOMS - SWEETPAKBAADJIES

Die kontrole van leerders se voorkoms vind gereeld plaas. Dit is egter belangrik dat alle Graad 8- en Graad 9-ouers daarop let dat die dra van sweetpakbaadjies nie toegelaat word vir hierdie leerders nie. Die leerders het tydens hul inskrywing in 2018 en 2019 'n brief oor die kleredragreëls ontvang. Kyk ook gerus in die leerders se dagboekies. Kleurbaadjies is verpligtend vir Graad 8- en 9-leerders, terwyl sweetpakbaadjies net by sportgeleenthede gedra word.

## 2. OMRUILING VAN DAE



Graag wil ons u daarop wys dat die Donderdagrooster (27 Februarie) en die Vrydagrooster (28 Februarie) omgeruil gaan word. Dit is as gevolg van die Atletiek Interhoër wat op 26 Februarie plaasvind. Leerders gaan dus op 27 Februarie die Vrydagrooster volg en op 28 Februarie eers toets skryf, waarna die Donderdagrooster volg. Dit bied dan aan leerders wat nog tot laat by die Atletiek Interhoër is ook die geleentheid om sinvol vir die toetse voor te berei.

## 3. JAARBLAD

Ons ervaar 'n probleem met die lewering van die Jaarblad vanaf die drukkers. Ons vra groot om verskoning. Dankie vir u geduld.

## 4. STUDIELEIDING VIR GR 8



Studieleiding vir Gr. 8-leerlinge vind soos volg plaas:

**Groep 1:** Dinsdag 3 Maart vanaf 14:00 – 17:00 en
Woensdag 4 Maart vanaf 14:00 – 16:00

**Groep 2:** Dinsdag 10 Maart vanaf 14:00 – 17:00 en
Woensdag 11 Maart vanaf 14:00 – 16:00

**Breinprofiele:** Die leerlinge wat die breinprofiele ook doen, bly Woensdagmiddag tot 17:00, m.a.w. groep 1 van die 4e Maart en groep 2 van die 11e Maart. Leerlinge wat nie die breinprofiel doen nie, mag dus die Woensdag om 16:00 verdaag.

Daar is nog net twee plekke in elke groep beskikbaar, indien daar 'n leerling is wat dit graag wil doen, maar nie 'n afskeurstrokie ingehandig het nie. Kostes: Studieleiding R350-00 en breinprofiel R150-00.
Kontak me. Mariëtte Fourie vir meer inligting.

5. HUISUITSLAE











**Fietsry**

- 3de: Knights, Spartane
- 2de Samurai
- 1ste: Vikings

**Tafeltennis**

- 4de plek: Vikings
- 3de plek: Spartane
- 2de plek: Samurai
- 1ste: Knights

6. SPORTUITSLAE

**Tennis**

- Die senior-tennisspan (Dogters) wen 61-6 teen Hoërskool Tuine.
- Gratis tennisafrigting vind elke Woensdag en Donderdag, na skool, plaas.
- Bring jou eie rakket en tekkies saam.
- Almal is welkom.

**Skaak**

- Skaakoefening: Dit begin op Maandag, 2 Maart, en vind dan elke Maandag en Woensdag vanaf 14:15 tot 16:00 plaas.
- Afrigter: mnr Jan-Michael Rigter, wat self nasionaal en internasionaal deelgeneem het.

7. ARMAND ERASMUS



- Hy het oor die Desember-vakansie drie Wiskunde take in Engels voltooi om te kon kwalifiseer vir 'n keuringstoets van die Siyanqoba klas van die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria.
- Hy het ook verlede Dinsdagaand die keuringstoets geslaag en reeds verlede Woensdag sy eerste lesing gehad. Slegs 30 leerders word gekies vir hierdie program . Bittermin van die leerders is Afrikaans en nog minder in Graad 11.
Baie geluk!

8. ATLETIEK KAPTEINE

- <u>Kapteine:</u> JP Bekker en Pheyno Modiso
- <u>Onder-kapteine:</u> JJ Breedt en Nikki Nkoetze





9. WONDERLIG

- Studieleiding vir groep 1: 3 Maart en 4 Maart
- Studieleiding vir groep 2: 10 Maart en 11 Maart
- TSG- Opleiding Donderdag 20 Feb 06:00 tot 07:30 in die Flambojant.
- Wonderlig groepprojek:
  Donderdagmiddag, na skool, is sessie 4 vir groep 1.
  Vrydagoggend, voor skool, is sessie 4 vir groep 2.

10. SWEATHEART-STIGTING - DOPPIES

Onthou asseblief die volgende:

**Insameling vanaf 26 Jan tot 15 Feb**



- Die doppies en proppies moet van die bottels van DRINKBARE VLOEISTOF wees.
- ('n Mens kan nie Stasoft, Sunlight-skottelgoedseep drink nie. Al is daardie proppies van plastiek gemaak, is dit nie deel van ons insameling nie.)
- Die proppe van Milo- en Hot Chocolatehouers is nie deel van die insameling nie.
- Deodorant is nie drinkbaar nie. (Daardie proppe is nie deel van die insameling nie.)
- Die glasdeksels van koffiepoeierbottels is glas en nie plasties nie.
- Hierdie plastiese doppies sluit nie babakos se botteltjies se deksels in nie.
- Plastiese broodknippies moet apart van plastiese doppies ingegee word.
- Moenie doppies wat uit die grond en modder gegrawe is, ingee sonder om dit goed te was en te laat droog word nie.

11. GHOLFDAG – 6 MAART 2020

- R300 p.p.
- R1200 per vierbal
- R3000 putjieborg
- R10 000 hoofborg

Kontak mnr. Schmahl vir verdere inligting.




M LEZAR
SKOOLHOOF